# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 26 tot 30

**Storie 1:**
Die vier seisoene .................... 2



**Storie 2:**
Waar is dit warm? ................... 7



**Storie 3:**
Waar is dit koud? .................. 12




EXTRACT PAGES

# Die vier seisoene



EXTRACT PAGES

Daar is vier seisoene in die jaar.
In die somer is dit lekker warm.
In die herfs word die blare geel en rooi.
In die winter is dit koud.
In die lente is daar baie blomme.



EXTRACT PAGES

Dit is somer en die son skyn helder.
Dit is baie warm.
Hulle gaan see toe om te swem.
Hulle loop kaalvoet in die sand.
Sy bou ’n sandkasteel.



EXTRACT PAGES

Dit is herfs en nou is dit koeler.
Die blare word oranje, geel en rooi.
Die blare val van die bome af.
Die blare lê op die grond.
Die wind waai die blare oral rond.



EXTRACT PAGES

Dit is nou winter en dit is koud.
Hulle dra dik truie en musse.
Daar is ys op die motor se ruite.
Hulle gebruik ’n sambreel in die reën
Hulle drink warm sjokolade.




EXTRACT PAGES

Dit is lente en dit word warmer.
Die tuin is vol helder blomme.
Hulle hou piekniek.
Voëltjies fluit in die boom.
Elke seisoen het sy prag!

**Vrae:**

1. Noem nog twee woorde wat rym met "mus"?
2. Dink jy dit sneeu oral in die wêreld?
3. Watter maande van die jaar is dit somer in Suid-Afrika?

# Waar is dit warm?




EXTRACT PAGES

Waar is dit warm?
Daar waar die son baie skyn.
Waar is dit warm? Wonder jy ook?
Kom saam. Ons gaan kyk waar dit warm is.



EXTRACT PAGES

In Noord-Afrika is ’n groot woestyn, die Sahara.
Dis baie warm in ’n woestyn.
Daar is baie sand.
Dit is droog en daar is min plante.